tgenoot
N.G Rustenburg-Suid

SEPTEMBER
2020

Webblad: https://www.ngrustenburgsuid.co.za

Leraar

Ds. Riaan Steyn

Krugerstraat 199, Rustenburg.
014 592 0116
082 851 7310
riaan-steyn@lantic.net

Kantoor

H/v Kerk en Unie Straat
Maand – Vry. : 10:00 – 14:00.
014 592 2419
014 592 4531
071 436 0102
ngrbsuid@gmail.com

Bankbesonderhede

ABSA Tjek rek
1220580128

Hierdie Week

Sondag: ***20 September 2020***
Sestiende Sondag in Koninkrykstyd
09:00 Erediens (Inry) Bring liedboek!

Voorbidding: Werksgeleenthede

Sondag: 27 September 2020
Sewentiende Sondag in Koninkrykstyd
09:00 Erediens

Voorbidding: Biddag vir ons Erfenis

Onthou:

Vir administratiewe sake kan Marie gekontak word: Tel : 071 436 0102 of e-pos.

Kantoorure: Dinsdae en Donderdae 09:00 – 13:00

Heidelbergse Kategismus:

Vraag 23: Hoe lui die artikels?

Antwoord: (1) Ek glo in God die Vader, die Almagtige, die Skepper van die hemel en die aarde. (2) En in Jesus Christus, sy eniggebore Seun, ons Here; (3) wat ontvang is van die Heilige Gees, gebore uit die maagd Maria; (4) wat gely het onder Pontius Pilatus, gekruisig is, gesterf het en begrawe is en neergedaal het na die hel; (5) wat op die derde dag weer opgestaan het uit die dood; (6) opgevaar het na die hemel en sit aan die regterhand van God, die almagtige Vader, (7) waarvandaan Hy sal kom om die lewendes en die dooies te oordeel. (8) Ek glo in die Heilige Gees. (9) Ek glo aan 'n heilige, algemene, Christelike kerk, die gemeenskap van die heiliges; (10) die vergewing van sondes; (I1) die opstanding van die liggaam (12) en 'n ewige lewe.

Fondsinsamelings:

Bestuur het besluit om weer Vrydae etes te verkoop! Met pastagereg is R1 788.00 inbetaal!
Baie dankie vir diegene wat Vrydag gehelp het en die wat ondersteun het!
Indien jy 'n voorstel wil maak, of hulp wil aanbied kontak Ria 083 459 3054 of kerkkantoor 071 436 0102.

GEBEDSLYS

KANKERPASIËNTE:

Wimpie Espach, broerskind van Hettie Combrink	014 592 5162
Gerhard Derks	082 334 8586
Marjorie Landsberg	082 375 9382
Willem Breet	083 631 5533

SPESIALE VOORBIDDING:

Hansie en Bessie Ströh 014 533 4349

Blokleiers vir nuwe bedieningsmodel.

Ons INRY-Eredienste!!!

SIEK OF IN DIE HOSPITAAL:

Annatjie Smuts (Elsie dogter)	082 875 2124
Kallie Insel	014 592 4167
Tina Bronkhorst	083 632 0592
Marie Erasmus	083 321 8039
Annatjie van der Merwe	082 923 0277
Natie Bredenkamp	082 429 8129
Pieter Combrink	014 592 5162
Louisa Botha	082 337 1326

VERJAARDAE:

Baie geluk met jou verjaarsdag, mag dit 'n wonderlike dag wees en 'n wonderlike, geseënde jaar, gevul met die oorvloedige genade van ons Hemelse Vader.

Verjaar	Naam	Van	Landlyn	Selfoon	e -Pos
09/20	Hettie	Combrink	014 592 5162	083 589 9295	
09/20	Alani	Joubert			
09/20	Miekie	Koch	014 533 0024	072 139 1157	mkoch@telkomsa.net
09/22	James	Pienaar		083 444 7820	
09/22	Dolf	Smith		083 232 3800	dolfsmith3@gmail.com
09/23	**Santie**	**De Wet-80**		**083 271 2578**	**santie@overvaal.co.za**
09/23	Ronel	Swart	-	083 5722000	
09/23	Deandré	V.d. Westhuizen			
09/23	Schalk	Viljoen		076 891 3544	schalkviljoen33@outlook.com
09/24	Pieter	Van Wyk		082 856 5424	
09/26	Marie	Grobbelaar	014 594 5053	084 510 0593	
09/26	Magda	Heydenreich		083 399 0892	

Kerkraad:
As gevolg van 3 vakatures op kerkraad, kan die kerkraad nie wettige besluite neem nie. Daarom sal daar later verkiesing plaasvind. Datum sal aangekondig word.

Lede tans: Ds. Riaan Steyn, Stefan Saaiman, Joseph de Jager, Jeanette van Heerden, George Loock, Ria de Lange, Juria Labuschagne, Dolf Smith en Charl Zietsman.

Nominasies ontvang: Arno Lochner, Jacques Enos, Juan Fourie, Marie Williams, Susan Fourie en Ann Fitzgerald.

Indien jy 'n lidmaat wil voorstel, stuur naam aan kerkkantoor.

Webblad:

Gaan na ons webblad en registreer om
Geloofsgimnasium en Kruisgenoot
per e-pos te ontvang

Dankbaarheid

"Wees in alle omstandighede dankbaar, want dit is wat God in Christus Jesus van julle verwag," skryf die Paulus in 1 Tess. 5:18.

'n Mens voel lus om vir Paulus te sê dat dit darem sekerlik onnodig is om ons tot dankbaarheid op te roep. Ons ontvang daagliks soveel uit God se hand. Wie sal dan nie dankbaar wees nie? Tog is dit 'n hartseer waarheid dat baie mense – ek wil dit waag om te sê die meeste mense – ondankbaar is. Daarom kla ons so maklik, is die gras aan die ander kant van die draad meestal groener, het ander dit makliker in die lewe as onsself. Ons meet onsself graag teen dié wat meer as ons het, hoër sporte in die samelewing bereik het, slimmer kinders het, en dan wens ons ons het ook al dié dinge gehad. Dat ons, as ons ons gaan meet aan die miljoene wat minder as ons het, eintlik baie goed daaraan toe is, kyk ons so maklik mis.

In die twee gebeurtenisse op hierdie bladsy lees ons ook van dankbare mense. Mense wat, soos ons daagliks doen, by God om hulp gaan aanklop het, en tot hulle groot vreugde ontdek het dat God hulle versugtinge verhoor het. Maar ons lees nog 'n baie belangrike ding: dat die seëninge van God nie daar opgehou het nie. Hulle dankbaarheid teenoor God is beloon. Hanna ontvang méér as waarvoor sy ooit kon bid: nog drie seuns en twee dogters (1 Sam. 2:21). En die man wat omgedraai het, gaan uiteindelik met baie meer huis toe as die ander nege. Nie net gesond nie, maar ook gered (Luk. 17:19)!

Hoeveel seëninge het ons dalk al misgeloop omdat ons só besig is met wat ánder ontvang het, dat ons God se wondergawes in ons eie lewe mis kyk?

Dalk is dit tyd om weer 'n keer bestek op te neem. Daar is sóveel om God voor te dank.

Excelsus: Het jy al jou storie gedeel?

Elke dominee / lidmaat het haar of sy eie biblioteek van diep snaakse stories van die bediening. Van dope tot troues tot huis- en hospitaal besoeke en begrafnisse - van preke, orreliste, oproepe en kloppe-aan-jou-deur. "Ek weet dis jou dag af dominee, maar ..." Stuur vir ons jou stories (soveel as wat jy wil) van tussen 500 en 1500 woorde (elk) - ons wil dit publiseer! Jou storie bring jou dalk net R10 000 in die sak! * Stuur jou storie aan hvdw13@gmail.com voor 31 November 2020

Familie Tuisblad

20 – 26 September 2020

in samewerking met ***nous.org.za***

Eksodus 16: 15
Dit is die brood wat die Here vir julle gee…

TEMA van die week

Ons is oorvloedig met mekaar!

So: Eksodus 16: 2-15
Ma – Di: Matteus 20: 1-16
Wo – Do: Psalm 105: 1-6, 37-45
Vr – Sa: Filippense 1: 21-30

BYBEL tyd

BID tyd

Dankgebed (Gebed voor ete)
Dankie vir die goedheid wat ons in hierdie kos van U ontvang, Help ons om nie afgunstig te wees nie. Amen.

Oorgee–gebed
Help ons om vandag vir ander meer te gee as wat hulle toekom. Amen.

Seëngebed (Seën mekaar elke oggend so)
Mag jy vandag sien hoe die Here jou seën vêr bo jou verdienste.

Lees die **Teks** soos aangedui in **Bybel-tyd** hierbo.

Oopskop vraag: Wat het jou geraak in die teksgedeelte en watter vrae het by jou opgekom?

Raakvat vra:

- Die verhaal van manna en kwartels vertel vir ons wat die Here vir ons gee om elke dag nie net te oor leef nie maar lewe in oorvloed te kan beleef.
- God gee egter nie net manna en kwartels nie, Hy stel ook 'n werklikheid in dat die manna slegs vir 'n dag goed en aangenaam bly. God wil egter deur die realiteit vir sy volk iets belangriks leer – leef daagliks uit my hand want ek sal vir jou voorsien soos jy nodig het.
- Ons vertroue in God is een van die moeilikste dinge. Tog is dit ook deel van ons sonder dat ons besef. Praat eers as gesin oor alles wat julle verseker. Is versekering 'n teken van ongeloof? Bv. as ons motorversekering uitneem is dit verkeerd? Dalk is jou versekering die rede dat die persoon teen wie jy gebots het hulle motor kan herstel en voortgaan met hulle lewe.

GESELS tyd

Ons gesels saam oor ons lewe en geloof

SPEEL tyd

Ons spandeer kwaliteit–tyd saam

Hou 'n *oorvloedsmaal*. Dis nie noodwendig baie kos wat kan mors nie. Nee, eet een keer die week uit baie groot borde (skinkborde) en drink uit baie groot bekers of glase en eet met die broodmes en 'n vleisvurk.
Dit herinner ons dat die Here 'n oorvloedige God is en vir ons sal gee wat ons nodig het.

DOEN tyd

Ons oefen ons geloof op 'n praktiese manier

Gaan werk vandag iewers in 'n tuin of park of straat en trek onkruid uit of tel papiere op.

Gee vir elke gesinslid een dag in die week wat sy/haar "dag van oorvloed" is. Die dag kry hy/sy meer as al die ander en word hy/sy ook bederf.

LEEF tyd

Ons leef ons geloof heelweek uit